Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2026-06-10

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN JUNIE 2026

### SKOOL SLUIT - MNR PRETORIUS

Vakansietyd lê al weer voor die deur vir ons kinders en personeel. Die skool sluit Vrydag, 26 Junie 10:00 en open weer Dinsdag, 21 Julie 07:30.

Dankie aan almal se betrokkenheid by ons skool, dis julle wat ons skool so besonders maak.

Mag hierdie wintervakansie vir u almal saam met u kinders 'n wonderlike rustyd wees. Ry versigtig en pas u en ons kinders mooi op. Laerskool Elspark is baie lief vir julle.

***Program vir die laaste twee weke (15 - 26 Junie):***

| | |
|---|---|
| 15 Junie | Skoolvakansiedag - skool is gesluit. |
| 16 Junie | Jeugdag (vakansiedag) - skool is gesluit. |
| 17 - 25 Junie | Volg 'n normale skooldag. Skool sluit 13:30. |
| 26 Junie | Leerlinge ontvang hulle rapporte (07:00 - 08:00).<br>Die skool sluit 10:00 vir alle leerlinge. |

### NASKOOLSENTRUM - ME McKENZIE

Maak asb. seker dat u leerlinge betyds kom afhaal, die sentrum sluit om 17:30. Neem asb. kennis van die volgende:

**Die naskoolsentrum is gesluit op die volgende vakansiedae:**

15 Junie - Skoolvakansiedag
16 Junie - Jeugdag

Die naskoolsentrum is vanaf 07:00 tot 17:30 oop gedurende die skoolvakansie. Alle speelgoed word op eie risiko saamgebring.

Dagbesoekers betaal R120 per dag. U moet asb. vooraf met Me Mc Kenzie reël by elna@elsies.co.za. Geen kinders mag die naskool bywoon indien u rekening nie ten volle vereffen is nie. Onthou asb. naskoolgelde is vooruitbetaalbaar.

Gelde moet asb. vooraf betaal word. Alle agterstallige naskoolrekeninge moet ook vereffen word.

## FINANSIES – ME FOURIE

Eerstens wil ons, ons opregte dank uitspreek teenoor elke ouer en voog wat hul rekeninge getrou en betyds vereffen. U samewerking en ondersteuning stel die skool in staat om steeds kwaliteit onderwys en dienste aan ons leerders te lewer.

**Neem asseblief kennis dat alle uitstaande rekeninge reeds 'n finale aanmaning ontvang het. Indien geen betaling ontvang is of geen formele betalingsreëling met die skool getref is nie, sal uitstaande rekeninge teen einde Julie aan ons invorderingsagente, Cee Bee Debt Management oorhandig word vir verdere hantering.**

Aangesien die skoolvakansie oor maand-einde plaasvind, sluit ons vir u gerief die skool se bankbesonderhede hieronder in:

**Bankbesonderhede**
Bank: **ABSA Bank**
Rekeningnaam: **Laerskool Elspark**
Rekeningtipe: **Tjekrekening**
Rekeningnommer: **230 301 360**
Takkode: **632005**

**Verwysing by betaling:**
- **Skoolgeld:** *S* gevolg deur u rekeningnommer
- **Naskool:** *N* gevolg deur u rekeningnommer
- **Busgeld:** *B* gevolg deur u rekeningnommer

Ons waardeer u samewerking en versoek vriendelik dat enige uitstaande bedrae of betalingsreëlings so spoedig moontlik gefinaliseer word om verdere administratiewe prosesse te voorkom.

## DAMESDAG – ME LOURENS



## KRIEKET – MNR KEYTER

***Krieket toer:***

Ons 0/11 en 1ste Spanne toer gedurend die vakansie na Jubaweni as deel van ons superreeks.
Datum: 13 – 15 Julie 2026
Ons wens die seuns en afrigters alle sterkte toe vir die toer.

***Vriendskaplike krieketreeks:***

Die Arend , Hannes Visagie en Delmas
Ons 0/9 tot 1ste Spanne neem deel aan die krieketreeks.
0/9 : Vrydag 19 Junie 2026
0/10 : Maandag 22 Junie 2026
0/11 : Dinsdag 23 Junie 2026
2de Span : Woensdag 24 Junie 2026
1ste Span : Donderdag 25 Junie 2026

***Krieket - Donkey Derby Fondsinsameling – Kom geniet 'n heerlike middag saam met ons!***

Ons **0/11- en 1ste Krieketspanne** nooi u hartlik uit na 'n opwindende **Donkey Derby Fondsinsameling** ten bate van hul kriekettoer wat gedurende die vakansie plaasvind.

Kom geniet 'n middag van **pret, spanning, lekker geselskap en goeie gees**, terwyl u terselfdertyd ons jong krieketspelers ondersteun in hul sportontwikkeling en toerervaring. Bring familie en vriende saam vir 'n gesellige geleentheid vol vermaak!

📅 **Datum:** 27 Junie 2026
🕑 **Tyd:** 14:00 – 18:00
📍 **Plek:** Laerskool Elspark Skoolsaal

🎟 **Tafelbesprekings:**
Tafels kan bespreek word by **Mnr. H. Keyter** of **Mnr. P.J. Muller**.

💰 **Koste:** R1000 per tafel
(*10 persone per tafel*)

**Kom maak deel uit van die pret en help ons krieketseuns om hul toer 'n onvergeetlike ervaring te maak. U ondersteuning maak 'n groot verskil!**

## HOKKIE – ME NOVELLIE

***Oefening:***

| | |
|---|---|
| 10 – 11 Junie | 12:00 – 13:00 |
| 17 – 18 Junie | 13:30 – 14:30 |
| 22 – 25 Junie | 13:30 – 14:30 |

Dogters moet asb. hul eie stok en bal saambring.

## MINI-HOKKIE – ME T. GROBLER

Die mini-hokkie begin reeds op 10 Junie 2026. Alle O/7 – O/9 dogters is welkom om by ons aan te sluit.

Die dra van tekkies is verpligtend. Daar is hokkiestokke beskikbaar om te leen indien Gr. 1 leerlinge nog nie 'n stok aangeskaf het nie.

Oefentye:
10 – 11 Junie 2026 12:15 – 13:00
17 – 18 Junie 2026 13:40 – 14:40

## LANDLOOP – ME RAATH

**Oefentye Maandae tot Donderdae**

13:45 tot 14:30

**Landloop Superreeks 22 Junie 2026**

Plek: Glenvista Country Club

Tyd: 14:30

**Landloop Datums Kwartaal 3**

| Byeenkoms | Datum | Plek | Gasheer |
|---|---|---|---|
| Liga 1 | 29 Julie 2026 | Boksburg Stadion | Westwood |
| Liga 2 | 5 Augustus 2026 | Boksburg Stadion | Witdeep |
| Boksburg Kampioenskappe | 12 Augustus 2026 | Boksburg Stadion | Witfield |
| Distrikskampioenskappe | 28 Augustus 2026 | Thaba Trails, Alberton | Ekurhuleni Distrik |
| GISSA | 12 September 2026 | Curro Sagewood | Ekurhuleni-Suid |
| Erekleurefunksie | 15 September 2026 | Curro Sagewood | Ekurhuleni-Suid |
| SASA | 2–3 Oktober 2026 | KwaZulu-Natal (TBA) | SASA-komitee |

## BOOGSKIET – ME JACOBS

***Belangrike datums***

20 Junie Kolle en 3D Kompetisie – Purfecto Klub
Laerskool Elspark
Koste: R85
Sluitingsdatum: 14 Junie

***Verpligte kompetisies (Gr 4 – Gr 7)***
25 Julie Laerskool Elspark
1 Augustus Randfontein

Vir enige navrae kan u in verbinding tree met Me Jacobs op 082 458 4307 of AGSA-SA Elspark 064 682 0972.

## JUKSKEI – ME ZEEMAN

Ons is baie opgewonde oor die Jukskei-seisoen wat voorlê!

***Belangrike datums:***

• 25 Julie Jukskei-kliniek/Proewe: Datum sal nog bevestig word by Alberton.
• 1 Augustus: Dubbelsliga – Alberton.
• 15 Augustus: Skoleliga – Alberton.
• 22 Augustus: Skoleliga – Alberton.
• 27 Augustus: Elspark Jukskei Spur-aand – 'n aand vol pret, gees en lekker saamkuier waar ons die Jukskei-seisoen afsluit.

***Onthou asseblief van Jukskei-oefening:***

• Dinsdae: Graad 1–3
• Woensdae: Graad 4–7
• Donderdae: Oop oefening vir alle leerders

Leerders moet ten minste een oefening per week bywoon. Dit is baie belangrik vir voorbereiding en spanontwikkeling.

Onthou asseblief:

• Oefenklere
• Tekkies
• Jou skeie (indien jy skeie het)

Al die Jukskei-leerders sal tydens oefening 'n QR-kode ontvang wat ouers kan gebruik om by die Jukskei-groep aan te sluit. Alle belangrike inligting, datums en kennisgewings vir die seisoen sal op die groep gedeel word.

Ons sien uit na 'n opwindende en suksesvolle seisoen saam met al ons spelers en ondersteuners!

## ELSIEWOOD EISTEDFODD – ME MITTON

Elsiewood Eistedfodd vind plaas op 22 en 23 Junie in die saal. Program is reeds uitgestuur op WhatsApp groepe en FB.

Kuns inskrywings word 23 Junie ingehandig by die saal se voorportaal (onthou asb. om u inskrywings strokie, aan te heg)

## AFRIKAANSE REDENAARS – ME B. NELL

Afrikaanse Gala Redenaars sal plaasvind in die derde kwartaal.

**JUNIORKOOR – ME B. NELL**

Juniorkoor oefening: Neem weer aanvang in die derde kwartaal. Ons begin Maandag 27 Julie in die skoolsaal 13:30-14:30.

**SENIORKOOR – ME VAN STADEN**

Baie dankie aan elke kind en ouer vir hulle positiewe gesindheid. Ons sien uit na al ons optredes.

***Optredes:***

1. Dell Arte Kunswedstryd - 14 Augustus
2. Crescendo - 27 Augustus te Laerskool Elspark
3. Super 12 - 3 September te Louw Geldenhuys
4. Germiston Kunswedstryd - 15 September te Laerskool Elspark

**ELSPARK IDOLS – ME BADENHORST**




Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof